

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Woensdag 8 April 1970

WINDHOEK

Wednesday 8 April 1970

No. 6065

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. R.373 (Republiek) S.A. Verpleegstersraad: Regulasies vir die Onderzoek van Beweerde Wangedrag en die hou van Ondersoeke

(Republic) S.A. Nursing Council: Regulations for the Investigation of Alleged Misconduct and the Conduct of Inquiries

2

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 373

13 Maart 1970

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD REGULASIES VIR DIE ONDERSOEK VAN BE- WEERDE WANGEDRAG EN DIE HOU VAN ON- DERSOEKE

Die Minister van Gesondheid het, kragtens artikel 11 (1) van die Wet op Verpleging (Wet 69 van 1957), sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies vir die ondersoek van beweerde wangedrag en die hou van ondersoeke wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gemaak is ter vervanging van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 934 van 28 Junie 1963:

Interpretasie

1. In hierdie regulasies, tensy die samehang anders aandui—

- (i) beteken "beskuldigde" die persoon teen wie 'n beskuldiging of klagte of bewering gemaak is;
- (ii) sluit "klaer" *pro forma*-klaer in;
- (iii) beteken "komitee" 'n tugkomitee;
- (iv) beteken "voorsitter" die voorsitter van 'n tugkomitee.

Tugkomitee

2. (1) Ingevolge artikel 8 van die Wet, delegeer die raad sy magte kragtens artikels 22, 23 en 25 van die Wet aan 'n tugkomitee wat van tyd tot tyd deur die uitvoerende komitee aangestel word.

(2) (a) 'n Komitee bestaan uit die president en minstens ses (6) ander lede. Minstens vier (4) lede moet ingevolge die Wet geregistreer wees.

(b) Gelyktydig met die aanstelling van 'n komitee, word 'n voorsitter en 'n sekundus uit die lede van die komitee aangestel. In die afwesigheid van die voorsitter, tree die sekundus as voorsitter op vir die res van die verrigtinge.

In die afwesigheid van beide die voorsitter en die sekundus moet die oorblywende lede, met die registrateur as voorsitter, uit hulle eie geledere 'n voorsitter kies wat vir die res van die verrigtinge as voorsitter optree.

(c) Die kworum by enige vergadering van 'n komitee is vyf (5) lede, van wie minstens drie (3) ingevolge die Wet geregistreer moet wees.

(d) By 'n staking van stemme het die voorsittende lid, benewens 'n beraadslagende stem, ook 'n beslissende stem.

(e) 'n Lid wat op enige stadium van die verrigtinge afwesig is, hou op om 'n lid te wees van die komitee, wat dan uit die oorblywende lede sal bestaan; met dien verstande dat die kworum behou word.

Ondersoekkomitee

3. (1) Elke nuutsaamgestelde raad stel by sy eerste vergadering 'n ondersoekkomitee aan wat vir die ampstermyn van die raad sal dien.

(2) Die ondersoekkomitee bestaan uit die president, wat voorsitter van die komitee is, en twee (2) ander lede. Minstens twee (2) lede moet ingevolge die Wet geregistreer wees. Die raad stel 'n vise-voorsitter aan wat in die afwesigheid van die president as voorsitter optree.

(3) Die kworum van die ondersoekkomitee is twee (2) lede.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 373

13 March 1970

THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL

REGULATIONS FOR THE INVESTIGATION OF ALLEGED MISCONDUCT AND THE CONDUCT OF INQUIRIES

The Minister of Health, in terms of section 11 (1) of the Nursing Act (Act 69 of 1957), has approved of the following regulations for the investigation of alleged misconduct and the conduct of inquiries made by the South African Nursing Council in substitution for the regulations published under Government Notice R. 934 of 28 June 1963:

Interpretation

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

- (i) "accused" means the person against whom a charge or complaint or allegation is made;
- (ii) "complainant" includes *pro forma* complainant;
- (iii) "committee" means a disciplinary committee;
- (iv) "chairman" means the chairman of a disciplinary committee.

Disciplinary Committee

2. (1) In terms of section 8 of the Act, the Council delegates its powers under sections 22, 23 and 25 of the Act to a disciplinary committee appointed from time to time by the executive committee.

(2) (a) A committee shall consist of the president and at least six (6) other members. At least four (4) members shall be registered under the Act.

(b) Simultaneously with the appointment of a committee, a chairman and a secundus shall be appointed from the members of the committee. In the absence of the chairman, the secundus shall preside as chairman for the remainder of the proceedings.

In the absence of both the chairman and the secundus, the remaining members of the committee shall, with the registrar presiding, elect from amongst themselves a chairman who shall preside for the remainder of the proceedings.

(c) The quorum at any meeting of a committee shall be five (5) members, of whom at least three (3) shall be registered under the Act.

(d) In the event of an equality of votes the member presiding shall have a casting vote in addition to a deliberative vote.

(e) A member who is absent at any stage of the proceedings, shall cease to be a member of the committee, which shall then consist of the remaining members; provided the quorum is maintained.

Investigating Committee

3. (1) Every newly constituted council shall at its first meeting appoint an investigating committee to serve for the term of office of the Council.

(2) The investigating committee shall consist of the president, who shall be chairman of the committee, and two (2) other members. At least two (2) members shall be registered under the Act. The council shall appoint a vice-chairman who shall preside in the absence of the president.

(3) The quorum of the investigating committee shall be two (2) members.

(4) Indien 'n vakature op die ondersoekkomitee ontstaan, stel die raad op die eerste vergadering na die ontstaan van die vakature, 'n ander lid vir die onverstreke gedeelte van die raad se ampstermyn op die ondersoekkomitee aan.

(5) Met die uitsondering van die president, word 'n lid van die ondersoekkomitee nie op 'n tugkomitee ten opsigte waarvan 'n saak ingevolge regulasie 5 (2) (c) verwys was, aangestel nie.

Indiening van Klagtes

4. 'n Persoon wat 'n klagte, of beskuldiging of bewering van onbetaamlike of skandelijke gedrag aanhangig maak, moet by die registrateur 'n skriftelike verklaring, waar moontlik in die vorm van 'n beëdigde verklaring waarin die spesifieke handeling of versuime waaroor klag gemaak word, kernagtig uiteengesit word, indien en moet beroid wees om getuienis ter stawing daarvan te lewer.

Ondersoek van Klagtes

5. (1) Nadat hy veraere inligting van die klaer aangevra het en/of verdere ondersoek wat hy nodig mag ag, ingestel het, lê die registrateur die saak aan die president voor.

(2) Die president moet—

(a) indien hy besluit dat 'n ondersoek gehou moet word, 'n komitee laat aanstel; of

(b) indien hy besluit dat 'n ondersoek nie gehou moet word nie, dienooreenkomstig aan die uitvoerende komitee rapporteer; of

(c) die aangeleentheid na die ondersoekkomitee verwys;

Met dien verstande dat die president voordat hy optree, aan die registrateur opdrag kan gee—

(i) om verdere inligting van die klaer aan te vra; en/of

(ii) om verdere ondersoek wat nodig geag mag word, in te stel; en/of

(iii) om die beskuldigde van die aard van die klagte te verwittig en hom te vra of hy 'n skriftelike verduideliking wil indien, maar hom te waarsku dat so 'n verduideliking as getuienis teen hom gebruik mag word.

(3) Die ondersoekkomitee moet—

(a) indien hy besluit dat 'n ondersoek gehou moet word, 'n komitee laat aanstel; of

(b) indien hy besluit dat 'n ondersoek nie gehou word nie, dienooreenkomstig aan die uitvoerende komitee rapporteer;

Met dien verstande dat die ondersoekkomitee voordat hy optree, aan die registrateur opdrag kan gee—

(i) om verdere inligting van die klaer aan te vra; en/of

(ii) om verdere ondersoek wat nodig geag mag word, in te stel; en/of

(iii) indien die president nie kragtens paragraaf (2) opgetree het nie, om die beskuldigde van die aard van die klagte te verwittig en hom te vra of hy 'n skriftelike verduideliking wil indien, maar hom te waarsku dat so 'n verduideliking as getuienis teen hom gebruik mag word.

Regsverteenvoordiging—Klaer en Beskuldigde

6. By alle verrigtinge kragtens hierdie regulasies kan die klaer en die beskuldigde deur 'n advokaat of prokureur verteenwoordig word; met dien verstande dat die registrateur skriftelik van die naam van die advokaat of prokureur in kennis gestel word.

(4) If a vacancy occurs on the investigating committee, the Council shall, at the first meeting after such vacancy occurs, appoint another member to the investigating committee for the unexpired portion of the term of office of the Council.

(5) Except for the president, a member of the investigating committee shall not be appointed to a disciplinary committee in respect of a matter which has been referred to the investigating committee under regulation (2) (c).

Lodging of Complaints

4. A person making a complaint, or charge, or allegation of improper or disgraceful conduct, shall lodge a written statement with the registrar, wherever possible in the form of an affidavit, setting out in concise terms the specific acts or omissions complained of and must be prepared, if so required, to bring evidence in support thereof.

Investigation of Complaints

5. (1) The registrar, after calling for such further information from the complainant and/or making such investigation as he may consider necessary, shall submit the matter to the president.

(2) The president shall—

(a) if he decides that an inquiry be held, cause a committee to be appointed; or

(b) if he decides that an inquiry be not held, report accordingly to the executive committee; or

(c) refer the matter to the investigating committee:

Provided that the president may, before taking any action, direct the registrar—

(i) to call for further information from the complainant; and/or

(ii) to carry out such investigation as may be considered necessary; and/or

(iii) to inform the accused of the nature of the complaint and to ask him whether he desires to give a written explanation, but warning him that such explanation may be used in evidence against him.

(3) The investigating committee shall—

(a) if it decides that an inquiry be held, cause a committee to be appointed; or

(b) if it decides that an inquiry be not held, report accordingly to the executive committee:

Provided that the investigating committee may, before taking any action, direct the registrar—

(i) to call for further information from the complainant; and/or

(ii) to carry out such investigation as may be considered necessary; and/or

(iii) if the president has not acted under paragraph (2) (iii), to inform the accused of the nature of the complaint and to ask him whether he desires to give a written explanation, but warning him that such explanation may be used in evidence against him.

Legal Representation—Complainant and Accused

6. In all proceedings under these regulations the complainant and the accused may be represented by counsel or attorney; provided the registrar is informed in writing of the name of counsel or attorney.

Dagvaarding—Beskuldigde

7. (1) Indien daar op 'n ondersoek besluit word reik die registrateur 'n dagvaarding so na as moontlik in die vorm van Bylae A uit, wat op dieselfde wyse aan die beskuldigde beteken word as sou dit 'n dagvaarding deur 'n landdroshof wees, of deur die pos aan hom na sy geregistreerde adres gestuur word.

(2) Afskrifte van die dagvaarding, tesame met afskrifte van ander relevante dokumente, word aan die lede van die komitee verskaf.

Dagvaarding—Getuienis

8. Wanneer 'n klaer of 'n beskuldigde verlang dat getuienis gedagvaar word, reik die registrateur dagvaardings so na as moontlik in die vorm van Bylae B uit. Die registrateur kan van die persoon op wie se aandrang 'n getuie gedagvaar word, vereis om 'n bedrag wat die koste daaraan verbonde dek, by die raad te deponeer. Getuienis gelde word teen die tarief betaalbaar by kriminele sake in die landdroshof, bereken.

Uitstel van Verhoor

9. 'n Komitee kan die verhoor van 'n ondersoek uitstel tot 'n tyd en plek en op die voorwaardes wat hy mag besluit. Verdere uitstellings kan gedoen word.

Verdagings van Verhoor

10. 'n Komitee kan op enige stadium van die verrigtinge die verhoor van 'n ondersoek verdaag tot 'n tyd en plek en op die voorwaardes wat hy mag besluit. Verdere verdagings kan gedoen word.

Prosedure Tydens Ondersoeke

11. (1) Ondersoeke word in die openbaar gehou, met dien verstande dat die komitee kan gelas dat die hele verhoor of enige deel van die verrigtinge agter geslote deure gehou word.

(2) 'n Beslissing van die komitee oor enige punt wat voortspruit in verband met of tydens die verloop van 'n ondersoek kan agter geslote deure geneem word. Die beslissing van die komitee word in die openbaar afgekonddig.

(3) Wanneer die beskuldigde verskyn, is die prosedure soos volg:

- (a) Die registrateur lees die dagvaarding;
- (b) die klaer stel sy saak;
- (c) die beskuldigde stel dan sy saak. Indien hy sy saak skriftelik stel, word sy verklaring uitgelees;
- (d) by afsluiting van die saak vir die beskuldigde kan die klaer, of die beskuldigde getuienis aangevoer het al dan nie, die komitee oor die saak in die algemeen toespreek. Die komitee sal egter geen verdere getuienis aanhoor nie, tensy hy dit so goed vind;
- (e) die beskuldigde kan dan die komitee oor die saak in die algemeen toespraak. Die klaer is nie geregtig om te antwoord nie, tensy—

(i) die beskuldigde toegelaat was om verdere getuienis aan te voer na die betoog van die klaer, in welke geval die antwoord beperk moet bly tot sake wat uit die getuienis te berde gekom het; of

(ii) die beskuldigde in sy betoog 'n wetspunt geopper het, in welke geval die antwoord beperk moet bly tot die wetspunt wat te berde gebring is.

(4) Wanneer die beskuldigde nie verskyn nie, is die prosedure soos volg:

(a) die registrateur lees die dagvaarding en lewer bewys van betekening op die beskuldigde, met dien verstande dat die komitee die verhoor kan uitstel en opdrag kan gee dat die dagvaarding oorbeteiken moet word;

(b) die klaer stel sy saak;

Summons—Accused

7. (1) If an inquiry is resolved upon, the registrar shall issue a summons as nearly as possible in the form of Annexure A, which shall be served on the accused in the same manner as it would be served if it were a summons issued by a magistrate's court, or forwarded to him by post to his registered address.

(2) Copies of the summons, together with copies of other relevant documents, shall be furnished to the members of the committee.

Summons—Witnesses

8. When a complainant or an accused desires that witnesses be summoned, the registrar shall issue summonses as nearly as possible in the form of Annexure B. The registrar may require the person at whose instance a witness is summoned to deposit with the Council an amount to cover the costs entailed. Witness fees shall be calculated to the tariff in criminal cases in magistrate's courts.

Postponement of Hearing

9. A committee may postpone the hearing of an inquiry to such time and place and on such terms as it may deem fit. Further postponements may be made.

Adjournment of Hearing

10. A committee may at any stage of the proceedings adjourn the hearing of an inquiry to such time and place and on such terms as it may deem fit. Further adjournments may be made.

Procedure at Inquiries

11. (1) Inquiries shall be conducted in public, provided that the committee may direct that the whole or any part of the proceedings be conducted *in camera*.

(2) A decision of the committee on any point arising in connection with, or in the course of, an inquiry may be arrived at *in camera*. The committee's decision shall be announced in public.

(3) When the accused appears, the procedure shall be as follows:

- (a) The registrar shall read the summons;
- (b) the complainant shall present his case;
- (c) the accused shall then present his case. If he states his case in writing, his statement shall be read;
- (d) on conclusion of the case for the accused, whether the accused has produced evidence or not, the complainant may address the committee on the case generally. The committee will, however, receive no further evidence, unless it may think it fit to do so;
- (e) the accused may then address the committee on the case generally. The complainant shall not be entitled to reply unless—

(i) the accused has been permitted to produce further evidence after the address of the complainant, when the reply shall be confined to matters arising out of the evidence; or

(ii) the accused has in his address raised any matter of law, when the reply shall be confined to the matter of law raised.

(4) When the accused does not appear, the procedure shall be as follows:

(a) The registrar shall read the summons and produce proof of service on the accused, provided that the committee may postpone the hearing and give instructions for further service of the summons;

(b) the complainant shall present his case;

(c) vir die doel van paragraaf (b) is dit nie nodig dat formele getuienis onder eed aangevoer word nie;

(d) die registrateur lees enige skriftelike vertoë wat van die beskuldigde ontvang is;

(e) die klaer kan daarop die komitee oor die saak in die algemeen toespreek.

Getuienis

12. (1) Mondelinge getuienis word onder eed of plegtige bevestiging, wat deur die voorsitter opgelê word, afgeneem.

(2) Die klaer en die beskuldigde kan getuies ondervra of onder kruisverhoor neem.

(3) Die voorsitter en die lede van die komitee, deur nie voorsitter, kan vrae aan die getuienis stel.

(4) 'n Komitee kan op enige stadium van die verrigtinge 'n persoon roep of terugroep om getuienis te lewer.

(5) Die rekord of deel van die rekord van die verrigtinge in enige hof, insluitende verrigtinge by geregtelike doodsondersoeke, kan as getuienis ingelewer word deur 'n afskrif gewaarmerk deur die klerk of registrateur van die oorkondesthof voor te lê, met dien verstande dat die komitee kan gelas dat enige getuie of al die getuies wie se getuie in so 'n rekord of deel van 'n rekord voorkom, gedagvaar moet word om getuienis te lewer.

(6) Beëdigde verklarings is as getuienis toelaatbaar, met dien verstande dat die komitee kan gelas dat 'n deponent gedagvaar word om getuienis te lewer.

Procedure by Afsluiting van die Saak

13. (1) By afsluiting van die saak beraadslaag die komitee agter geslote deure oor die bevinding.

(2) (a) Die partye word in die openbaar van die bevinding verwittig. Indien dit 'n skuldigbevinding is, moet die komitee sê of die beskuldigde aan onbetaamlike of skandelige gedrag skuldig bevind is.

(b) Wanneer die beskuldigde onder verskillende hoofde, afsonderlik of in die alternatief, aangekla word, moet die komitee onder elke hoof tot 'n bevinding geraak.

(3) By 'n skuldigbevinding bring die klaer getuienis by deur middel van 'n sertifikaat deur die registrateur, van enige vorige skuldigbevindings ingevolge die Wet. Die beskuldigde kan die sertifikaat betwis, in welke geval die rekord van die ondersoek waartydens die beskuldigde skuldig bevind was, voorgelê moet word.

(4) Die klaer en die beskuldigde kan dan die komitee oor die vraag van die vonnis toespreek.

(5) Die komitee beraadslaag agter geslote deure oor die vonnis en verwittig die partye in die openbaar van die straf wat opgelê is.

(6) (a) Indien die straf is soos in artikel 25 (b) of (c) van die Wet bepaal, kan die raad die vonnis bekrachtig of verminder of die saak na die komitee terugverwys vir verdere oorweging en verslag.

(b) Die beskuldigde kan skriftelike vertoë aan die raad voorlê ter versagting.

Obstruksie of Interrupsie van Verrigtinge

14. (1) 'n Persoon wat die verrigtinge tydens 'n ondersoek dwarsboom of dit interrompeer, of enige lid of amptenaar van die raad beledig, of hom op enige wyse wangedra—

(a) is aan 'n misdryf skuldig en staan by skuldigbevinding bloot aan 'n boete van hoogstens vyftig rand (R50);

(b) kan op las van die voorsitter verwyder word. Indien die beskuldigde verwyder word, kan die voorsitter gelas dat die ondersoek in sy afwesigheid voortgesit word.

(c) for the purpose of paragraph (b) it shall not be necessary for formal evidence to be given on oath;

(d) the registrar shall read any written representations from the accused;

(e) the complainant may thereupon address the committee on the case generally.

Evidence

12. (1) Verbal evidence shall be taken on oath or solemn affirmation, which shall be administered by the chairman.

(2) The complainant and the accused may examine or cross-examine witnesses.

(3) The chairman and the members of a committee may, through the chairman, put questions to witnesses.

(4) A committee may at any stage of the proceedings, call or recall any person to give evidence.

(5) The record or part of the record of proceedings in any court of law, including inquest proceedings, may be handed in as evidence by producing a certified copy by the clerk or registrar of the court of record, provided the committee may direct that any or all the witnesses whose evidence appears in such record or part of a record, be summoned to give evidence.

(6) Affidavits shall be admissible as evidence, provided that the committee may direct that a deponent be summoned to give evidence.

Procedure upon Conclusion of the Case

13. (1) Upon the conclusion of the case the committee shall deliberate *in camera* upon the finding.

(2) (a) The parties shall be informed of the finding in public. If the finding is one of guilty, the committee shall state whether the accused has been found guilty of improper conduct or disgraceful conduct.

(b) Where an accused is charged on various counts, separately or in the alternative, the committee shall make a finding on each of the counts.

(3) On a finding of guilty, the complainant shall adduce evidence by means of a certificate by the registrar, of any previous convictions under the Act. The accused may challenge the certificate, when the record of the inquiries where the accused was found guilty, shall be produced.

(4) The complainant and the accused may then address the committee on the question of the penalty.

(5) The committee shall deliberate *in camera* on the penalty and shall inform the parties in public of the penalty imposed.

(6) (a) If the penalty is as provided for by section 25 (b) or (c) of the Act, the Council may confirm or reduce the penalty or may refer the case back to the committee for further consideration and report.

(b) The accused may submit written representations to the Council in mitigation.

Obstruction or Interruption of Proceedings

14. (1) A person who obstructs or interrupts the proceedings at an inquiry, or insults any member or official of the Council, or misbehaves in any other way—

(a) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand (R50);

(b) may be removed by order of the chairman. If the accused is removed, the chairman may direct the inquiry to proceed in his absence.

Rekord van die Verrigtinge tydens 'n Ondersoek

15. (1) 'n Rekord word gehou van die verrigtinge tydens 'n ondersoek.

(2) Die rekord van die verrigtinge tydens die ondersoek is onder toesig van die registrateur by die raad se kantoor gedurende werksure ter insae aan enige belanghebbende persoon, wat 'n afskrif van die rekord kan maak.

(3) 'n Afskrif van die rekord van die verrigtinge tydens 'n ondersoek kan deur die klaer en die beskuldigde verkry word teen 'n betaling waarop die raad besluit.

Verslag aan die Raad

16. 'n Komitee doen aan die raad verslag deur voorlegging van 'n afskrif van die rekord van die verrigtinge.

Toepassing op die Gebied Suidwes-Africa

17. Hierdie regulasies is ook in die gebied van toepassing.

BYLAE A

VORM VAN DAGVAARDING—BESKULDIGDE

Aan.....

Hiermee word u gedagvaar om om.....uur voormiddag/namiddag op die.....dag van.....

19.....te.....voor 'n tugkomitee van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad te verskyn, waneer die volgende aanklag wat deur.....teen u aanhangig gemaak is, oorweeg sal word:

Indien u versuim om te verskyn, kan die komitee die klage in u afwesigheid ooreenkomstig die regulasies vir die ondersoek van beweerde wangedrag en die hou van ondersoeke, oorweeg en afhandel.

Indien u verlang dat u brief van.....of enige skriftelike mededeling wat u mag indien u verduideliking of verdediging moet uitmaak, geliewe my so gou moontlik en nie later nie as.....dienooreenkomstig in kennis te stel, dog u word hierby gewaarsku dat so 'n mededeling as getuienis aangewend kan word.

'n Afskrif van die regulasies vir die ondersoek van beweerde wangedrag en die hou van ondersoeke word hierby ingesluit.

Onder die hand van die Registrateur van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gegee op hierdie.....dag van.....19.....

Registrateur

BYLAE B

VORM VAN DAGVAARDING—GETUIES

Aan.....

U word hiermee gelas om, om.....uur in die voormiddag/namiddag van die.....dag van.....

19.....persoonlik voor 'n tugkomitee van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad te verskyn in die saak van 'n ondersoek ingevolge artikel 22 van die Wet op Verpleging, 1957 (Wet 69 van 1957), in verband met die gedrag van 'n sekere.....wat kragtens genoemde Wet as 'n.....ingeskryf/geregistreer is en om die verskillende boeke, rekords, stukke en voorwerpe wat in die lys hieronder gespesifiseer word met u saam te bring en dit op die

Record of the Proceedings at an Inquiry

15. (1) A record shall be kept of the proceedings at an inquiry.

(2) The record of the proceedings of an inquiry shall, under supervision of the registrar, be accessible at the Council's offices during office hours, to any interested person, who may make a copy of the record.

(3) A copy of the record of the proceedings of an inquiry may be obtained by the complainant and the accused on payment of a fee decided upon by Council.

Report to Council

16. A committee shall report to the Council by the submission of a copy of the record of the proceedings.

Application to the Territory of South-West Africa

17. These regulations shall also apply in the territory.

ANNEXURE A

FORM OF SUMMONS—ACCUSED

To.....

You are hereby summoned to appear at.....upon the.....day of.....

19..... at.....o'clock in the forenoon/afternoon before a disciplinary committee of the South African Nursing Council when the following charge which has been preferred against you by.....will be considered:

Should you fail to appear the committee may consider and deal with the charge in your absence in accordance with the regulations for the investigation of alleged misconduct and the conduct of inquiries.

Should you desire your letter dated.....or any futher written communication which you may make to constitute your explanation or defence, please notify me to that effect as soon as possible, and not later than.....but you are hereby warned that any such communication may be used in evidence.

A copy of the regulations for the investigation of alleged misconduct and the conduct of inquiries is enclosed.

Given under the hand of the Registrar of the South African Nursing Council this.....day of.....19.....

Registrar

ANNEXURE B

FORM OF SUMMONS—WITNESSES

To.....

You are hereby required to appear in person at.....upon the.....day of.....

19..... at.....o'clock in the.....noon before the disciplinary committee of the South African Nursing Council in the matter of an inquiry in terms of section 22 of the Nursing Act, 1957 (Act 69 of 1957); in relation to the conduct of certain.....registered/enrolled under the said Act as a.....and to bring with you and then produce at the time and place as aforesaid the several books,

voormelde plek en tyd voor te lê en om op daardie tyd en daardie plek te getuig van alles en afsonderlik waarvan u met betrekking tot die genoemde ondersoek kennis dra.

Lys van Boeke, Rekords, Stukke en Voorwerpe wat Voorgeleë moet word

.....
 Onder die hand van die Registrateur van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gegee op hierdie.....
 dag van.....19.....

.....
 Registrateur

L.W.—Aandag word gevestig op artikel 23 (3) (c) van die Wet Verpleging, 1957, wat soos volg lees:

“(c) ’n Persoon wat sonder voldoende rede in gebreke bly om op die tyd en plek vermeld in die dagvaarding te verskyn en getuienis af te lê wat op die ondersoek betrekking het of wat weier om die eed of ’n plegtige verklaring af te lê, of om ’n boek, register, dokument of voorwerp voor te lê wat hy deur ’n dagvaarding gelas is om voor te lê, of om ’n vraag wat regmatiglik aan hom gestel is ten volle en bevredigend volgens sy eerlike oortuiging te beantwoord, is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens vyftig rand: Met dien verstande dat ’n aldus gedagvaarde persoon op alle voorregte geregtig is waarop ’n getuie wat voor die hooggeregshof getuienis aflê, geregtig is.”

records, documents and things specified in the list hereunder, and then and there to testify all and singular those things you know in relation to the said inquiry.

List of Books, Records, Documents and Things to be Produced

.....
 Given under the hand of the Registrar of the South African Nursing Council this.....day of.....
 19.....

.....
 Registrar

N.B.—Attention is directed to section 23 (3) (c) of the Nursing Act, 1957, which reads as follows:

“(c) Any person who fails, without sufficient cause to attend and give evidence relevant to the inquiry, at the time and place specified in the summons, or who refuses to be sworn or to make an affirmation, or to produce any book, record, document or thing, which he has been required by summons to produce, or to answer fully and satisfactorily, to the best of his knowledge and belief, any question lawfully put to him, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R50: Provided that any person so summoned shall be entitled to all the privileges to which a witness giving evidence before a superior court is entitled.”

